

**WET OP DIE BEVORDERING VAN ADMINISTRATIEWE GERECHTIGHEID 3
VAN 2000**

[GOEDGEKEUR OP 3 FEBRUARIE 2000]

[DATUM VAN INWERKINGTREDING: 30 NOVEMBER 2000]

(Tensy anders aangedui)

(Engelse teks deur die President geteken)

Soos gewysig deur

Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede 42 van 2001

Wysigingswet op die Bevordering van die Regsadministrasie 53 van 2002

Tweede Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede 55 van 2003

Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede 22 van 2005

Staatsdiens Wysigingswet 30 van 2007

Regulasies kragtens hierdie Wet uitgevaardig

REGULASIES AANGAANDE BILLIKE ADMINISTRATIEWE PROSEDURES

(GK R1022 in SK 23674 van 31 Julie 2002) (met ingang van 31 Julie 2002)

WET

Om uitvoering te gee aan die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is; en om uitvoering te gee aan die reg op skriftelike redes vir administratiewe optrede soos voorsien in artikel 33 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

AANHEF

AANGESIEN artikel 33(1) en (2) van die Grondwet bepaal dat almal die reg het op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is, en dat elkeen wat se regte nadelig deur administratiewe optrede geraak is die reg het om skriftelik redes te ontvang vir daardie administratiewe optrede;

EN AANGESIEN artikel 33(3) van die Grondwet vereis dat nasionale wetgewing aangeneem moet word wat uitvoering aan daardie regte gee, en om -

- * voorsiening te maak vir die hersiening van administratiewe handeling deur die hof of, wanneer toepaslik, vir die hersiening van administratiewe handeling deur 'n onafhanklike en onpartydige tribunaal;
- * 'n plig op die staat te plaas om uitvoering aan daardie regte te gee; en
- * effektiewe staatsadministrasie te bevorder;

EN AANGESIEN klousule 23 van Bylae 6 van die Grondwet bepaal dat die nasionale wetgewing voorsien in artikel 33(3) aangeneem moet word binne drie jaar na die datum waarop die Grondwet in werking tree;

EN TEN EINDE-

- * effektiewe staatsadministrasie en goeie regering te bevorder; en
- * 'n kultuur te vestig van verantwoording doening, openheid en deursigtigheid in die staatsadministrasie, by die uitoefening van publieke mag en by die uitvoering van openbare funksies, om sodoende uitvoering te gee aan die reg op billike administratiewe handeling,

VERORDEN die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika derhalwe as volg:-

1 Woordomsrywings

In hierdie wet, tensy die konteks anders aandui -

beteken '**administrateur**' 'n staatsorgaan of enige natuurlike of regspersoon wat 'n administratiewe handeling verrig;

beteken '**administratiewe handeling**' enige besluit geneem, of die versuim om 'n besluit te neem, deur -

- (a) 'n staatsorgaan, indien-
 - (i) sodanige staatsorgaan 'n mag uitoefen kragtens die Grondwet of 'n provinsiale grondwet; of
 - (ii) sodanige staatsorgaan 'n publieke mag uitoefen of 'n publieke funksie vervul kragtens enige wetgewing; of
- (b) 'n natuurlike persoon of 'n regspersoon, behalwe 'n staatsorgaan, indien sodanige persoon kragtens 'n magtigende bepaling 'n publieke mag uitoefen of 'n publieke funksie vervul,

wat 'n nadelige uitwerking het op die regte van enige persoon en wat 'n direkte eksterne regswerking het, maar sluit nie in nie -

- (aa) die uitvoerende magte en funksies van die Nasionale Uitvoerende Gesag, insluitende die magte en funksies waarna artikels 79(1) and (4), 84(2)(a) , (b) , (c) , (d) , (f) , (g) , (h) , (i) en (k) , 85(2)(b) , (c) , (d) en (e) , 91(2), (3), (4) en (5), 92(3), 93, 97, 98, 99 en 100 van die Grondwet verwys;
- (bb) die uitvoerende magte en funksies van 'n Provinsiale Uitvoerende Raad, insluitende die magte en funksies waarna artikels 121(1) and (2), 125(2)(d) , (e) en (f) , 126, 127(2), 132(2), 133(3)(b) , 137, 138, 139 en 145(1) van die Grondwet verwys;
- (cc) die uitvoerende magte en funksies van 'n munisipale raad;
- (dd) die wetgewende funksies van die Parlement, 'n provinsiale wetgewer of 'n munisipale raad;
- (ee) die regterlike funksies van 'n regsprekende amptenaar van 'n hof waarna artikel 166 van die Grondwet verwys of van 'n spesiale tribunaal opgerig kragtens artikel 2 van die Wet op Spesiale Ondersoekenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet 74 van 1996) , en die regsprekende funksies van 'n tradisionele leier kragtens die inheemse reg of enige ander reg;
- (ff) 'n besluit om vervolging in te stel of voort te sit;
- (gg) 'n besluit met betrekking tot enige aspek aangaande die nominasie, aanwysing of aanstelling van 'n regsprekende beampte of enige ander persoon deur die Regterlike Dienskommissie kragtens enige reg;

- (hh) enige besluit geneem, of die versuim om 'n besluit te neem, kragtens enige bepaling van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000; of
- (ii) enige besluit geneem, of die versuim om 'n besluit te neem, kragtens artikel 4(1);

beteken '**besluit**' enige besluit van 'n administratiewe aard geneem, voorgestel of vereis, wat ook al die geval mag wees, kragtens 'n magtigende bepaling, insluitende 'n besluit in verband met die -

- (a) gee van 'n bevel of die maak van 'n toekenning of vasstelling, asook die opskorting, herroeping of weiering van 'n bevel, toekenning of vasstelling;
- (b) verlening, uitreiking, opskorting, herroeping of weiering van 'n sertifikaat, direktief, goedkeuring, instemming of toestemming;
- (c) verlening, opskorting, herroeping of weiering van 'n lisensie, magtiging of ander instrument;
- (d) stel van 'n voorwaarde of oplegging van 'n beperking;
- (e) maak van 'n deklarasie of die stel van 'n eis of vereiste;
- (f) terughou van of weiering om 'n saak te lewer; of
- (g) verrigting of weiering om enige ander daad of aksie van 'n administratiewe aard te verrig,

en 'n verwysing na die versuim om 'n besluit te neem moet dienooreenkomstig uitgelê word;

beteken '**Grondwet**' die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996;

sluit '**hierdie Wet**' die regulasies in;

beteken '**hof**' -

- (a) die Konstitusionele Hof handelende kragtens artikel 167(6)(a) van die Grondwet; of
- (b) (i) 'n Hoë Hof of ander hof met 'n soortgelyke status; of
- (ii) 'n Landdroshof, óf in die algemeen óf in verband met 'n gespesifiseerde klas van administratiewe handeling, aangewys

deur die Minister by wyse van kennisgewing in die Staatskoerant, met 'n landdros of addisionele landdros aangewys kragtens artikel 9A as voorsittende beampte, met jurisdiksie oor die gebied waarbinne die administratiewe handeling verrig is of waarbinne die administrateur se vernaamste plek van administrasie geleë is of waarbinne die party wat se regte geraak is, gedomisilieerd is of gewoonlik woonagtig is of binne wie se regsgebied die nadelige gevolge van die administratiewe handeling ondervind was, ondervind is of ondervind sal word;

beteken '**magtigende bepaling**' enige wetgewing, reël van die gemenereg, inheemse reg, of 'n ooreenkoms, instrument of ander dokument waarkragtens 'n administratiewe handeling na bewering verrig is;

beteken '**Minister**' die lid van die Kabinet verantwoordelik vir die regspleging;

sluit '**publiek**' , vir die doeleindes van artikel 4 enige groep of klas van die publiek in;

dra '**staatsorgaan**' dieselfde betekenis as wat artikel 239 van die Grondwet daaraan toeskryf;

beteken '**tribunaal**' enige onafhanklike en onpartydige tribunaal ingestel deur nasionale wetgewing vir die doel om administratiewe handeling kragtens hierdie Wet geregte te hersien.

sluit '**versuim**', in verband met die neem van 'n besluit, ook die weiering om 'n besluit te neem in; en

beteken '**voorgeskryf**' voorgeskryf deur 'n regulasie uitgevaardig kragtens artikel 10;

2 Toepassing van die Wet

- (1) Die Minister mag, deur kennisgewing in die Staatskoerant –
 - (a) indien dit in die omstandighede redelik en regverdigbaar is om dit te doen, 'n administratiewe handeling, of 'n groep of klas van administratiewe handelinge, vrystel van die bepalings van 3, 4 of 5; of
 - (b) ten einde 'n effektiewe staatsadministrasie te bevorder, en mits dit in die omstandighede redelik en regverdigbaar is om dit te doen, 'n administrateur toelaat om die vereistes waarna artikel 3(2), 4(1) (a) tot (e), (2) en (3) of 5(2) verwys, te wysig op die wyse wat in die kennisgewing uiteengesit is.

- (2) Enige vrystelling of toestemming wat kragtens subartikel (1) verleen is moet, voordat dit in die Staatskoerant gepubliseer word, deur die Parlement goedgekeur word.

3 Prosedureel billike administratiewe handeling wat enige persoon raak

- (1) 'n Administratiewe handeling wat 'n wesenlike en nadelige uitwerking op die regte en regmatige verwagtinge van enige persoon het, moet prosedureel billik wees.

- (2)
 - (a) Die billikheid van 'n administratiewe prosedure sal afhang van die omstandighede van elke geval.
 - (b) Ten einde uitvoering te gee aan die reg op prosedureel billike administratiewe handelinge moet 'n administrateur, onderhewig aan die bepalings van subartikel (4), die persoon bedoel in subartikel (1) –
 - (i) voldoende kennisgewing gee van die aard en doel van die voorgestelde administratiewe handeling
 - (ii) 'n redelike geleentheid bied om verhoër te rig;
 - (iii) 'n duidelike uiteensetting gee van die administratiewe handeling

- (iv) voldoende kennis gee van enige reg op hersiening of interne appèl, waar dit van toepassing is, en
 - (v) voldoende kennis gee van die reg om redes kragtens artikel 5 te versoek.
- (3) Ten einde uitvoering te gee aan die reg op prosedureel billike administratiewe optrede, mag 'n administrateur in sy of haar diskresie ook aan die persoon bedoel in subartikel (1) die geleentheid bied om -
- (a) bystand te verkry en, in ernstige of gekompliseerde sake, regsverteenwoordiging te verkry;
 - (b) inligting en argumente aan te bied en te betwis, en
 - (c) persoonlik te verskyn.
- (4) (a) 'n Administrateur mag, indien dit onder die omstandighede redelik en regverdigbaar is om dit te doen, afwyk van enige van die vereistes waarna in subartikel (2) verwys word.
- (b) Ten einde vas te stel of die afwyking bedoel in subartikel (a) redelik en regverdigbaar is, moet die administrateur alle relevante faktore in ag neem, insluitende –
- (i) die oogmerke van die magtigende bepaling
 - (ii) die aard en doel van die administratiewe handeling en die noodsaak daarvan om die administratiewe handeling te verrig;
 - (iii) die waarskynlike uitwerking van die administratiewe handeling
 - (iv) die dringendheid van die verrigting van die administratiewe handeling of die dringendheid van die aangeleentheid en
 - (v) die noodsaak daarvan om 'n doeltreffende administrasie en goeie regering te bevorder
- (5) Indien 'n administrateur deur enige magtigende bepaling gemagtig word om 'n prosedure te volg wat afwyk van die bepalings van subartikel (2) en daardie ander prosedure is billik, mag die administrateur kragtens daardie ander prosedure optree.

4 Administratiewe handeling wat die publiek raak

- (1) In die geval wanneer 'n administratiewe handeling die regte van die publiek wesenlik en nadelig beïnvloed, moet die administrateur, ten einde uitvoering te gee aan die reg op prosedureel billike administratiewe optrede, besluit of –
- (a) 'n openbare ondersoek kragtens subartikel (2) gehou moet word;
 - (b) 'n kennisgewing en kommentaar prosedure kragtens subartikel (3) gevolg moet word
 - (c) beide die prosedures in subartikels (2) en (3) gevolg moet word
 - (d) indien die administrateur deur enige magtigende bepaling gemagtig word om 'n ander prosedure wat verskil maar billik is te volg, sodanige prosedure te volg;
 - (e) 'n ander, toepaslike prosedure te volg wat uitvoering aan artikel 3 gee.
- (2) Indien 'n administrateur besluit om 'n openbare ondersoek te hou –
- (a) moet die administrateur die openbare ondersoek self hou of 'n toepaslik gekwalifiseerde persoon of 'n paneel van persone aanstel om die ondersoek te hou; en
 - (b) moet die administrateur of die persoon of paneel, waarna in subartikel (a) verwys word, –
 - (i) die prosedure, wat tydens die ondersoek gevolg gaan word, vasstel, welke prosedure –
 - (aa) 'n openbare verhoor moet insluit en
 - (bb) moet voldoen aan die prosedure wat ten opsigte van openbare ondersoeke voorgeskryf is
 - (ii) die ondersoek uitvoer in ooreenstemming met daardie prosedure;
 - (iii) 'n skriftelike verslag van die ondersoek saamstel en redes gee vir enige administratiewe handeling wat verrig is of aanbeveel word; en
 - (iv) sou gou as moontlik daarna –

- (aa) 'n kennisgewing in Engels en ten minste een ander amptelike taal in die Staatskoerant of die betrokke Provinsiale Koerant publiseer, welke kennisgewing 'n kort opsomming van enige verslag bevat asook die besonderhede bevat van die plekke en tye waar sodanige verslag beskikbaar is vir inspeksie en kopiëring; en
 - (bb) op enige ander wyse van kommunikasie wat die administrateur doeltreffend ag, die inligting in subartikel (aa) bedoel oordra aan die publiek wat daarby 'n belang het.

- (3) Indien 'n administrateur besluit om 'n kennisgewing en kommentaar of prosedure te volg moet die administrateur -
 - (a) toepaslike stappe neem om diegene wat waarskynlik wesenlik deur die administratiewe handeling benadeel kan word, in kennis te stel van die administratiewe handeling en moet die administrateur sodanige persone versoek om kommentaar op die voorgenome handeling te lewer;
 - (b) enige kommentaar wat ontvang is, oorweeg;
 - (c) besluit of die administratiewe handeling verrig moet word of nie, en indien die handeling verrig moet word, welke verandering indien enige aan die voorgenome handeling aangebring moet word; en
 - (d) voldoen aan die voorgeskrewe prosedures wat gevolg moet word in verband met 'n kennisgewing en kommentaar prosedure.

- (4)
 - (a) 'n Administrateur mag, indien dit onder die omstandighede redelik en regverdigbaar is om dit te doen, afwyk van die vereistes bedoel in subartikel (1)(a) tot (e), (2) en (3).
 - (b) Ten einde vas te stel of die afwyking bedoel in subartikel (a) redelik en regverdigbaar is, moet die administrateur alle relevante faktore in ag neem, insluitende –
 - (i) die oogmerke van die magtigende bepaling;

- (ii) die aard en doel van die administratiewe handeling en die noodsaak daarvan om die administratiewe handeling te verrig;
- (iii) die waarskynlike uitwerking van die administratiewe handeling
- (iv) die dringendheid van die verrigting van die administratiewe handeling of die dringendheid van die aangeleentheid; en
- (v) die noodsaak daarvan om 'n doeltreffende administrasie en goeie regering te bevorder

5 Redes vir administratiewe handeling

- (1) Enige persoon wat se regte wesenlik en nadelig geraak is deur 'n administratiewe handeling en aan wie daar geen rede verskaf is vir daardie handeling nie mag, binne 90 dae na die datum waarop daardie persoon bewus geword het van die handeling of waarop daardie persoon redelikerwys verwag kon word bewus te geword het van die handeling, versoek dat die betrokke administrateur redes vir die handeling verskaf.
- (2) Die administrateur aan wie die versoek gerig word moet, binne 90 dae nadat die versoek ontvang is, skriftelik aan daardie persoon voldoende redes vir die administratiewe handeling verskaf.
- (3) Indien 'n administrateur versuim om voldoende redes vir 'n administratiewe handeling te verskaf, moet daar in enige verrigtinge vir die geregtelike hersiening van daardie administratiewe handeling vermoed word, onderhewig aan subartikel (4) en in die afwesigheid van enige bewys tot die teendeel, dat daardie administrateur die handeling sonder goeie redes verrig het.
- (4) (a) 'n Administrateur mag afwyk van die vereiste om voldoende redes te verskaf as dit in die omstandighede redelik en

regverdigbaar is om dit te doen, en moet onverwyld die persoon wat die redes versoek het in kennis stel van sodanige afwyking.

- (b) Om vas te stel of die afwyking bedoel in paragraaf (a) redelik en regverdigbaar is, moet 'n administrateur alle relevante faktore in ag neem, insluitende –
 - (i) die oogmerke van die magtigende bepaling;
 - (ii) die aard, doel en waarskynlike uitwerking van die betrokke administratiewe handeling;
 - (iii) die aard en omvang van afwyking;
 - (iv) die verband tussen die afwyking en die doel van die afwyking;
 - (v) die belangrikheid van die doel met die afwyking; en
 - (vi) die noodsaak daarvan om 'n doeltreffende administrasie en goeie regering te bevorder.

- (5) Indien 'n administrateur deur enige magtigende bepaling gemagtig word om 'n prosedure te volg wat billik is maar wat verskil van die bepalings van subartikel (2) kan die administrateur ooreenkomstig daardie ander prosedure optree.

- (6) (a) Ten einde 'n effektiewe staatsadministrasie te bevorder, mag die Minister, op die versoek van 'n administrateur en deur kennisgewing in die Staatskoerant, 'n lys publiseer wat enige administratiewe handeling of groep of klas administratiewe handeling spesifiseer ten opsigte waarvan die betrokke administrateur outomaties redes sal verskaf aan enige persoon wat se regte nadelig deur sodanige administratiewe handeling geraak word, sonder dat daardie persoon nodig het om redes kragtens hierdie artikel te versoek.
- (b) Die Minister moet, binne 14 dae nadat 'n versoek kragtens subartikel (a) ontvang is en op die onkoste van die betrokke administrateur, die betrokke lys publiseer soos beoog in daardie subartikel.

6 Geregtelike hersiening van administratiewe handeling

- (1) Enige persoon mag verrigtinge instel in 'n hof of tribunaal vir die geregtelike hersiening van 'n administratiewe handeling.
- (2) 'n Hof of tribunaal het die bevoegdheid om 'n administratiewe handeling te hersien indien –
 - (a) die administrateur wat die handeling verrig het –
 - (i) nie deur 'n magtigende bepaling die bevoegdheid verleen is om daardie handeling te verrig nie; of
 - (ii) opgetree het kragtens 'n delegasie van bevoegdheid welke delegasie nie deur 'n magtigende bepaling toegelaat is nie; of
 - (iii) bevooroordeel was of redelikerwys vermoed kan word bevooroordeel te gewees het;
 - (b) 'n verpligte en wesenlike prosedure of voorwaarde, wat deur die magtigende bepaling voorgeskryf word, nie nagekom is nie;
 - (c) die handeling prosedureel onbillik was
 - (d) die handeling wesenlik beïnvloed is deur 'n regsdwaling
 - (e) die handeling –
 - (i) verrig is om 'n rede wat nie deur die magtigende bepaling toegelaat word nie;
 - (ii) verrig is met 'n bybedoeling of ander beweegrede as die doel waarvoor die bevoegdheid verleen is;
 - (iii) verrig is omdat irrelevante oorwegings in aanmerking geneem is of relevante oorwegings nie in ag geneem is nie;
 - (iv) verrig is op grond van die ongemagtigde of ongevraagde voorskrifte van 'n ander persoon of liggaam;
 - (v) ter kwader trou verrig is;
 - (vi) op 'n arbitrêre of willekeurige wyse verrig is;
 - (f) die handeling self –
 - (i) is wederregtelik of word nie deur die magtigende bepaling toegelaat nie; of
 - (ii) nie rasideel verband hou met –

- (aa) die doel waarvoor die handeling verrig is nie;
 - (bb) die doel van die magtigende bepaling nie;
 - (cc) die inligting tot die beskikking van die administrateur nie; of
 - (dd) die redes wat die administrateur vir die verrigting van die handeling aangevoer het nie;
- (g) die betrokke handeling bestaan uit 'n versuim om 'n besluit te neem;
 - (h) die magsuitoefening of die uitvoering van die administratiewe handeling wat oënskynlik deur die magtigende bepaling, waarkragtens die administratiewe handeling verrig is, toegelaat word, is so onredelik dat geen redelike persoon daardie mag op so 'n wyse sou uitoefen of die administratiewe handeling op daardie wyse sou verrig nie; of
 - (i) die handeling andersins ongrondwetlik of onregmatig is.
- (3) Indien 'n persoon steun op die hersieningsgrond bedoel in subartikel (2) (g), mag hy of sy in verband met die versuim om 'n besluit te neem, indien—
- (a) (i) die administrateur 'n plig het om 'n besluit te neem;
 - (ii) daar geen reg is wat 'n periode voorskryf waarbinne van die administrateur verplig is om die besluit te neem nie; en
 - (iii) die administrateur versuim het om daardie besluit te neem
- verrigtinge instel in 'n hof of tribunaal vir die geregtelike hersiening van die versuim om die besluit te neem op grond daarvan dat daar 'n onredelike versuim was om die besluit te neem; of
- (b) (i) 'n administrateur 'n plig het om 'n besluit te neem
 - (ii) die reg die periode voorskryf waarbinne die administrateur verplig is om daardie besluit te neem; en
 - (iii) die administrateur versuim het om die besluit binne die voorgeskrewe tydperk te neem

verrigtinge instel in 'n hof of tribunaal vir die geregtelike hersiening van die versuim om 'n besluit binne die voorgeskrewe tydperk te neem, op grond daarvan dat die administrateur verplig is om die besluit te neem ten spyte van die feit dat die voorgeskrewe periode reeds verstryk het.

7 Prosedure vir geregtelike hersiening

- (1) Enige verrigtinge vir die geregtelike hersiening kragtens artikel 6(1) moet ingestel word sonder onredelike versuim en nie later nie as 180 dae na die datum –
 - (a) onderhewig aan subartikel (2)(c) , waarop enige verrigtinge met betrekking tot 'n interne remedie, soos bedoel in subartikel (2)(a), afgehandel is; of
 - (b) waar geen sodanige interne remedie bestaan nie, waarop die betrokke persoon ingelig is aangaande die administratiewe handeling, of waarop die persoon bewus geword het van die administratiewe handeling en die redes daarvoor, of waarop die betrokke persoon redelikerwys verwag kan word bewus te geword het van die administratiewe handeling en die redes daarvoor.
- (2)
 - (a) Onderhewig aan subartikel (c), sal geen hof of tribunaal 'n administratiewe handeling kragtens hierdie wet hersien nie tensy enige interne remedie waarvoor enige ander reg voorsiening maak, eers uitgeput is.
 - (b) Onderhewig aan subartikel (c), moet 'n hof of tribunaal, as die daardie hof of tribunaal nie tevrede is nie dat enige interne remedie soos bedoel in subartikel (a) reeds uitgeput is, die betrokke persoon opdrag gee om eers sodanige remedie uit te put voordat verrigtinge vir geregtelike hersiening kragtens hierdie wet in 'n hof of tribunaal ingestel word.
 - (c) 'n Hof of tribunaal mag, as sodanige hof dit in belang van geregtigheid ag, in buitengewone omstandighede en op

aansoek van die betrokke persoon, sodanige persoon vrystel van die verpligting om eers enige interne remedie uit te put.

- (3) Die Reëlsraad vir Geregshowe wat deur artikel 2 van die Wet op die Reëlsraad vir Geregshowe, 1985 (Wet No 107 van 1985) ingestel is, moet binne drie jaar na die inwerking treding van artikel 10 van hierdie Wet, prosedure reëls uitvaardig vir die geregtelike hersiening van administratiewe handeling.
- (4) Totdat die prosedure reëls waarna subartikel (3) verwys in werking tree, moet alle verrigtinge vir geregtelike hersiening kragtens hierdie Wet in 'n Hoë Hof ingestel word of ingestel word in enige ander hof met jurisdiksie.
- (5) Enige reël wat ingevolge subartikel (3) gemaak word moet, voordat dit in die Staatskoerant gepubliseer word, deur die Parlement goedgekeur word.

8 Remedies [in] tydens verrigtinge vir geregtelike hersiening

- (1) Die hof of tribunaal kan tydens verrigtinge vir geregtelike hersiening ingevolge artikel 6(1) enige bevel maak wat reg en billik is insluitende 'n bevel –
 - (a) wat die administrateur opdrag gee om –
 - (i) redes te gee of
 - (ii) op so 'n wyse op te tree wat die hof of tribunaal vereis
 - (b) wat die administrateur verbied om op 'n sekere wyse op te tree
 - (c) die administratiewe handeling tersyde stel en –
 - (i) die aangeleentheid met of sonder aanwysings terugverwys vir heroorweging deur die administrateur; of
 - (ii) in uitsonderlike gevalle –
 - (aa) administratiewe handeling vervang, wysig of 'n gebrek voortspruitend uit die administratiewe handeling regstel; of

- (bb) die administrateur of enige ander party tot die verrigtinge gelas om vergoeding te betaal
 - (d) die regte van die partye ten opsigte van enige aangeleentheid waarmee die administratiewe handeling verband hou, te verklaar; of
 - (e) 'n tydelike interdik of ander tydelike remedie verleen; of
 - (f) met betrekking tot koste
- (2) Die hof of tribunaal tydens verrigtinge vir geregtelike hersiening kragtens artikel 6(3) kan enige bevel verleen wat reg en billik is insluitende 'n bevel -
- (a) wat die neem van die besluit gelas;
 - (b) wat die regte van die partye met betrekking tot die neem van die besluit verklaar;
 - (c) wat enige van die partye verplig of verhinder om enige handeling of optrede te verrig wat die hof of tribunaal noodsaaklik ag om reg tussen die partye te laat geskied; of
 - (d) met betrekking tot koste.

9 Aanpassing van tydperke

- (1) Die tydperk van –
- (a) 90 dae waarna in artikel 5 verwys, mag verminder word; [of
 - (b) 90 dae of 180 dae waarna in artikel 5 en artikel 7 verwys word, mag vir 'n vasgestelde tydperk verleng word,
- deur ooreenkoms tussen die partye of, in die afwesigheid van 'n ooreenkoms, deur 'n hof of tribunaal op aansoek van die betrokke persoon of die betrokke administrateur.
- (2) Die hof of tribunaal mag 'n aansoek geloods kragtens subartikel (1) toestaan indien dit in die belang van geregtigheid is om dit te doen.

9A Aanwysing en opleiding van voorsittende beamptes

- (1)
- (a) Die hoof van 'n administratiewe streek soos gedefinieer in artikel 1 van die Wet op Landdroshowe 1944 (Wet 32 van 1944), moet, onderhewig aan subartikel (2), enige landdros of addisionele landdros skriftelik aanwys as voorsittende beampte vir 'n Landdroshof wat deur die Minister aangewys is kragtens artikel 1 van hierdie Wet.
 - (b) 'n Voorsittende beampte moet die funksies uitvoer en die pligte vervul en die magte uitoefen wat kragtens hierdie Wet of enige ander reg aan hom toegewys word.
- (2) Slegs 'n landdros of addisionele landdros wat 'n opleidingskursus voltooi het -
- (a) voor die datum waarop hierdie artikel in werking getree het; of
 - (b) soos beoog in subartikel (5),
- en wie se naam in die lys, wat in subartikel (4)(a) beoog word, ingesluit is, mag kragtens subartikel (1) aangewys word.
- (3) Die hoofde van administratiewe streke moet -
- (a) alle redelike stappe neem wat deur beskikbare hulpbronne toegelaat word om ten minste een voorsittende beampte vir elke Landdroshof, wat binne die hoof se gebied van jurisdiksie val en wat deur die Minister kragtens artikel 1 aangedui is, aan te wys; en
 - (b) sonder versuim die Direkteur-Generaal: Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling in kennis stel van enige landdros of addisionele landdros wat 'n opleidingskursus, soos beoog in subartikel (5) en subartikel (6), voltooi het en wat kragtens subartikel (1) aangewys is.
- (4) Die Direkteur-Generaal: Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling moet 'n lys opstel en byhou van elke landdros of addisionele landdros wat -

- (a) 'n opleidingskursus, soos beoog in subartikel (5) en subartikel (6), voltooi het; of
 - (b) aangewys is as 'n voorsittende beampte van 'n Landdroshof soos in subartikel (1) beoog.
- (5) Die Hoofregter moet, in oorleg met die Regterlike Dienskommissie en die Landdroskommissie, die inhoud van opleidingskursusse ontwikkel met die oog daarop om 'n toegewyde en ervare korps van opgeleide en gespesialiseerde voorsittende beamptes tot stand te bring wat as voorsittende beamptes kan optree in hofverrigtinge soos in hierdie Wet in voorsiening gestel.
- (6) Die Hoofregter moet, in oorleg met die Regterlike Dienskommissie en die Landdroskommissie en die Minister, die opleidingskursusse in subartikel (5) beoog, implementeer.
- (7) Die Minister moet 'n verslag, soos voorgeskryf, in die Parlement ter tafel lê met betrekking tot die inhoud en implementering van die opleidingskursusse waarna in subartikel (5) en subartikel (6) verwys word.

10 Regulasies en kode vir goeie administratiewe gedrag

- (1) Die Minister moet regulasies uitvaardig met betrekking tot –
- (a) die prosedures wat deur aangewese administrateurs of in verband met kategorieë administratiewe handelingte gevolg moet word ten einde die reg tot prosedurele billikheid te bevorder
 - (b) die prosedures wat gevolg moet word in die geval van openbare ondersoeke; en
 - (c) die prosedure wat gevolg moet word in die geval van 'n kennisgewing en kommentaar prosedure; en
 - (d) die prosedure wat gevolg moet word in geval van 'n versoek vir redes.

(2) Die Minister kan regulasies [maak betreffende] uitvoerig met betrekking tot –

(a) die vestiging, pligte en bevoegdheid van 'n [adviesraad] adviserende raad om die toepassing van hierdie wet te monitor en wat die Minister adviseer aangaande –

- (i) die geskiktheid daarvan om eenvormige reëls en standaarde te publiseer waaraan voldoen moet word wanneer administratiewe handeling verrig word; insluitende die samestelling en instandhouding van registers wat die teks van reëls en standaarde bevat wat deur staatsorgane gebruik word;
- (ii) enige verbeteringe wat gemaak kan word aan interne klagte prosedures, interne administratiewe appèlle en die geregtelike hersiening van administratiewe handeling deur 'n hof of deur 'n tribunaal;
- (iii) die geskiktheid daarvan om onafhanklike en onpartydige tribunale te vestig wat, tot aanvulling van die hof, administratiewe handeling hersien en die geskiktheid van die vestiging van gespesialiseerde administratiewe tribunale, insluitende 'n tribunaal met algemene jurisdiksie oor alle staatsorgane of jurisdiksie oor 'n aantal staatsorgane om appèlle teen administratiewe handeling aan te hoor en daaroor te besluit;
- (iv) die geskiktheid daarvan om te vereis dat administrateurs van tyd tot tyd oorweging moet gee aan die voortsetting van standaarde wat hulle administreer en die geskiktheid daarvan om maatreëls voor te skryf wat voorsiening maak vir die outomatiese verval van reëls en standaarde;
- (v) programme om die publiek en die lede en werknemers van administrateurs op te voed aangaande die inhoud van hierdie wet en die bepalinge van die Grondwet aangaande administratiewe handeling;

- (vi) enige ander verbetering gemik op die versekering dat administratiewe handelingte voldoen aan die reg op administratiewe geregtigheid;
 - (vii) enige stappe wat mag lei tot die bereiking van die doelwitte van hierdie wet; en
 - (viii) enige ander aangeleentheid ten opsigte waarvan die Minister advies versoek
- (b) die samestelling en publikasie van 'n protokoll vir die opstel van reëls en standaarde
 - (c) die instelling, bedryf en koördinerings van programme om die publiek en die lede en werknemers van administrateurs op te voed aangaande die inhoud van hierdie wet en die bepalings van die Grondwet aangaande administratiewe handelingte;
 - (d) aangeleenthede wat deur hierdie wet vereis of toegelaat word om voorgeskryf te word en
 - (e) aangeleenthede wat nodig of gerieflik is om voor te skryf ten einde
 - (i) die doelwitte van hierdie wet te bereik of
 - (ii) onderhewig aan subartikel (3), uitvoering te gee aan die advies of aanbevelings van die adviserende raad waarna subartikel (a) verwys.
- (3) Hierdie artikel mag nie so uitgelê word dat dit die Minister magtig om regulasies, wat enige aspek wat die staatsdiens raak, uit te vaardig sonder dat die Minister van die Staatsdiens en Administrasie vooraf daarvoor geraadpleeg is nie.
- (4) Enige regulasie –
- (a) uitgevaardig kragtens subartikels (1)(a), (b), (c) en (d) en (2)(c), (d) en (e) moet voor publikasie in die Staatskoerant aan die Parlement voorgelê word en
 - (b) uitgevaardig kragtens subartikel (1)(e) en (2)(a) en (b) moet voor publikasie in die Staatskoerant deur die Parlement goedgekeur word.

- (5) Enige regulasie uitgevaardig kragtens subartikels (1) en (2) of enige bepaling van die kode vir goeie administratiewe gedrag wat kragtens subartikel (5A) uitgevaardig word en wat 'n finansiële uitgawe vir die staat tot gevolg mag hê, moet in oorleg met die Minister van Finansies uitgevaardig word.
- (5A) Die Minister moet, by wyse van 'n kennisgewing in die staatskoerant, 'n kode vir goeie administratiewe gedrag publiseer ten einde administrateurs van praktiese riglyne en inligting te voorsien wat daarop gemik is om 'n effektiewe administrasie te bevorder en daarop gemik is om die doelwitte van hierdie wet te bereik.
- (6) Die kode vir goeie administratiewe optrede wat in subartikel 5A in die vooruitsig gestel word moet, voordat dit in die staatskoerant gepubliseer word, deur die kabinet en die parlement goedgekeur word en moet binne 42 maande na die inwerkingtreding van hierdie artikel uitgevaardig word.

11 Kort titel en inwerkingtreding

Hierdie wet staan bekend as die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid 2000 en tree in werking op 'n datum deur die President by wyse van proklamasie in die Staatskoerant bepaal.